

Luke 14:23 "The master said,
'Then go to the country roads.
Whoever you find, drag them in. I
want my house full!'



Landlyn: (018) 473 5354 Faximile: 086 622 5363 E-pos: info@crossroad-ministries.co.za
Posadres: 94 Dickens Ave, Orkney, 2619 Francois – 079 498 6099 René – 073 258 2688
First National Bank: 62016730865 Takkode: 230102 Tjekrekening



2011 se einde in sig...



Vir baie van ons was 2011 'n jaar wat ons "gestretch" het tot die maksimum toe...soms het dit gevoel of ons dit nie gaan maak nie. Maar ten spyte van al die sigbare aanslae, uitdagings en probleme was dit tog 'n jaar van geestelike hoogtes!

Soms voel dit asof jy gefaal het in jou posisie as ouer, sakeman/vrou, leier of in jou roeping as kind van God, maar moet NOOIT die leuen van satan glo wat jou wil laat hoop opgee nie! NOOIT! Al het wat ook al gebeur en jy sien nie die pad voor jou vandag nie... GOD IS PREPARING YOU THROUGH IT ALL FOR A BLESSED FUTURE! Ja, ons maak verskriklike growwe foute op ons lewenspad en dan moet ons die gevolge dra, want wat ons saai, MOET ons maai, maar God die Vader se genade is vandag vir my en jou genoeg!

In my en René se bediening, huwelik en gesinslewe was daar geweldige storms en aanslae hierdie jaar. Ja, so erg dat ek ook 'n paar weke gelede vir God gesê het ek kan nie verder vir Hom werk nie, die pad is net te moeilik en die oofferings net te veel. Ons het voor God gehuil en gevra waar mis ons iets, maar Sy stem was stil en dit het ons nog meer laat voel ons maak dit nie meer nie!

**Toe praat God deur een van die siele wat onder ons bediening 'n paar maande terug by Jesus se voete uitgekom het!
Sy woorde het ons so skuldig laat voel vir ons optrede! "Pastoor, ek en baie ander van die mense vir wie jy nou bedien, mense wat jarelaas die binnekant van 'n kerk gesien het, het by God uitgekom en jou en René se bediening het ons weer rede gegee om aan te gaan. Kyk hoe lief is ons nou om kerk toe gaan en vir die Here!"**

Hierdie Maandag kry ons 'n e-pos van Stephane Coetze van Vanderkloof af en nadat ons dit deurgelees het, het tranen sommer spontaan teen ons wange afgeloop. Here, al dink ons ons beteken niets meer nie en al voel ons dis tyd om alle hoop op te gee, U is so getrouw!

Ons plaas hierdie getuienis met haar toestemming:

Liewe Rene en Kie,

Ek en die hele Vanderkloof-groep kan nogsteeds nie uitgepraat raak oor die kamp nie. Van die vrouens het daar met hul bediening begin en het werklik net van krag tot krag gegaan!

Vir my persoonlik het dit meer beteken as wat woorde kan beskryf. Ek is die vrou vir wie jy eerste Vrydagaand gebid het. Ons het werklik daardie dag op die randjie van bankrotskap gestaan. Selfs my seuntjie se skoolfonds was al 6 maande agterstallig, die motors, vragmotor(wat ons enigste bron van inkomste is) water en elektrisiteit versekering ens, NIKS was betaal nie.

Tog het die Here dit baie swaar op my hart gele om kamp toe te gaan. My man het die laaste paar rand wat hy op sy baie oortrokke kredietkaart kon trek vir my gegee vir die kamp met die woorde:"Dis ok, ek sal by my ma en pa gaan eet die naweek."Weet julle hoe dit voel om te eet en nie eens te weet of jou man en kind kos het nie?

Rene, jy het vir my gebid die Vrydagaad en ek het nogsteeds met twyfel in my hart in die bed gaan klim. Eerste ding Saterdagoggend bel my man my met die nuus dat ons 'n kontrak gekry het by die Toerismeraad om al die boubenodighede vir 'n nuwe vakansieoord in ons omgewing te vervoer!! Prys die Here!!!

Vandag is ons amper uit al ons skuld, daar is geld vir my om volg jaar pastorale berading te studeer en die Here het selfs vir ons op wonderbaarlike wyse vir ons eie JCB voorsien!



Nog belangriker! My man seuntjie het albei hul harte vir die Here gegee en is so paar naweke terug gedoop. Daar gaan nie 'n dag verby wat ons nie opstaan en ons wonderlike God loof en prys nie. 'This is the day...' word daagliks in hierdie huis uit gejubel.

Ons fokus is op ons Almagtige God en al ons vriende is so nuuskierig oor die reuse verandering in ons gesin selewens. Tot op hede het drie van ons vriende hulle harte ook vir die Here gegee op grond van ons getuenis en (glo my!) daar kom nog BAIE!!!!

Die Here het my gelei om tussen die vrouens te bedien en dit het so vinnig uit gebrei dat ek baie meer bid as naels doen. Ek kan die vrouens net verseker van die Here se wonderlike, onvoorwaardelike liefde en dit is nie 5 minute nie, dan bid ons! God is so goed, getrou, genadig!!!

Ekt nog verskriklik baie om te vertel, maar sal met 'n volg geleenthed.

Die Here sal volgens Psalm 91:11 Sy engele aangaande julle bevel gee om julle te beskerm.



"Is jy 'n sterke of geknakte pyl?"

Baie liefde.

Stephane Coetzee

Ons kan net sê: "Here, vergewe ons ongeloof, twyfel en die feit dat ons die vyand se leuens begin glo het! Dankie dat U stukkende, leë kruike kan heelmaak, volmaak en gebruik tot U eer!"

Dankie Stephane dat jy gehoorsaam was om hierdie getuenis aan ons te stuur. Jy sal oorwin deur die Bloed van die Lam en deur die krag van hierdie getuenis!

Francois het op 23 Oktober by ons NW Bikers Church diens hierdie boodskap gebring:

- Psalm 127:4-5 sê: Soos pyle in die hand van 'n held, so is die seuns van die jeug. (v5) Gelukkig is die man wat sy pylkoker daarmee gevul het! Hulle sal nie beskaamd staan as hulle met die vyande in die poort spreek nie.
- Ons wonder soms hoekom ons so swaarkry en sukkel met issues in ons lewens en hoekom sukses vir ons nie beskore is nie. Niks wat ons aanpak, kan ons suksesvol afhandel nie of ons verloor langs die pad spoed en raak aggressief, geirriteerd, kritiese en neerslagtige mens. When things go tough, you want to bail out....ek ken daardie gevoel! Ek het 'n week of 2 terug self so gevoel en toe besef ek, ek was ook maar net 'n geknakte pyl in my pa se koker.
- MAAR! Matt 12: 20 'n Geknakte riet sal Hy nie verbreek nie, en 'n lamppit wat rook, sal Hy nie uitblus nie, totdat Hy die reg tot oorwinning uitbring, AMEN!!
- Ja, die satan wil ons knak en breek en die slechte nuus is, dit gaan nie beter gaan nie, want die einde is naby .. MAAR ons SAL staande bly as ons besef dat ons **reg tot oorwinning** in Christus lê. As ons ons wapenrusting ALTYD aanhet en gevul is met God se Heilige Gees en tyd maak om ALLEEN in God se teenwoordigheid te spandeer sodat ons KOPPIES ophou raas en ons gelykvormig word aan Sy Woord....dan SAL JY HERSTEL word en jou teiken tref!

Baie geluk aan

Mnr & Mev Symington!

Johan Symington, President van 'n nuwe klub in die NW Bikers Church en NWBA is op **10 September** getroud met Aretha Strydom en dit was werklik 'n voorreg om hulle huwelik aan God toe te wy! Julle sal geseënd wees in alles wat julle doen omdat julle God eerste stel in jul lewens en huwelik! Hou vas aan Sy Woord en groei tot geestelike wasdom deur die krag van God se Heilige Gees wat julle sal lei en leer in alles! AMEN!



Gospel
Bikers Festival
Ps Johan Meintjes 072 257 4876
Ps Elize Meintjes 082 707 6767
jtowingrepairs@telkomsa.net

1-2 October
Stella
Food & Trade Stalls
Stunters 4 Christ
Fun & Games
Music
Badges
FREE ENTRY!

**Biking is our Thing,
but Jesus is our King!**
www.crossroad-ministries.co.za

Dit was 'n voorreg om vir die 2de agtereenvolgende jaar by Stella te bedien op hul **Gospel Bikers Festival!** Ps **Johan & Elize Meintjes** gaan werklik uit hul pad om dit 'n heerlike naweek te maak tot eer van God en hierdie jaar was geen uitsondering nie!

Stunters 4 Christ het die Saterdag bedien saam met Francois en Sondag het Francois die Woord bedien!

**Dankie vir elkeen wat gehelp het
dat siele tot redding en genesing
kon kom op Stella!!**





Dit was ook vir ons 'n groot voorreg toe Sussie Delport ons genader het om die Sondag na die **Beesfees op Stella**, die naweek met 'n diens af te sluit. **14 Mense** se lewens is verseël in Jesus se Bloed hierdie Sondag en ons gee al die eer aan God vir die kosbare Woord wat Hy vir hierdie mense gestuur het. Dankie Here, dat U ons gebruik het ten spyte van die storm waarin onsself verkeer het!




Die Here dra vir Sonja en ons gesin deur die storm!

Soos julle almal weet, het Francois se sussie Christelle haar lewe geneem op 25 Augustus en die impak van haar selfmoord was veel groter op ons as wat ons gedink het. Ons kon agt ons Vrouekamp 2-4 Sept, nie haar begrafnis bywoon nie. Ek onthou hoe ons in die bakkie gery het oppad kampgronde toe die dag van haar begrafnis. Ps Smokey Joubert van ons Pretoria Bikers Church het die begrafnis waargeneem en ons was heeltyd met hom in verbinding tydens haar begrafnisdienis. Toe hy ons bel en sê dat hulle haar graf begin toegooi het, het ons gestop langs die pad en ons kan nie vir julle beskryf die groot seer wat binne in ons harte oopgeskeur het op daardie oomblik nie!

Christelle het die week voor haar dood by ons gebly en sy en Sonja het baie tyd saam deurgebring en ons kon sien dat Christelle se dood 'n geweldig emosionele impak op Sonja gemaak het. Ons het dit egter nie so ernstig geag nie, maar agtergekom dat Sonja se gedrag nie normaal was nie. Ongeveer 2 weke na die kamp het Sonja totaal ineengestort en sy is die 3de Oktober opgeneem vir depressie en onverwekte rousmart en ons het 'n nuwe storm in die gesig gestaar. Ons was verslae, maar deur God se genade nie verslaan nie! Ja ons wou die bediening los en het self gevra: Waarom Here?! Is dit wat die bediening vra?! Ons was kwaad, seer en ons kan net opreg dankie sê vir elkeen wat vir ons voor God gelê het! Dankie vir julle wat ons deurgedra het...eerder deurgesleep het! Ons wou nie meer nie, maar deur die krag van gebed, kon ons weer opstaan en oorwin deur die Bloed van die Lam en die krag van ons getuenis!

Sonja is na 3 weke ontslaan alhoewel sy nog op medikasie is, maar ons weet dat Jehovah Jireh, die God van Genesing is vir hierdie pragtige dogter wat God vir ons gegee het!


Ons het die volgende dag na haar ontslag net in ons Isuzutjie geklim en as gesin die pad gevat see toe! Dankie vir kosbare kinders van God wat dit vir ons moontlik gemaak het deur vir ons 'n pragtige plek reg langs die see beskikbaar te stel waar ons kon rus vind, mekaar as gesin weer kon vind, maar bo alles...God se stem weer kon hoor! Sorétjie (oupa Francois se Goggenossietjie..) het vir die eerste keer die see gesien! Sy kon nie glo dat Jesus se Pappa soveel water bymekaar kan hou nie! Vir ons was dit ook weer goed om te sien: **Hoe groot is ons God!**



Nou ja, die ou vyand was verseker ook by die see en wat doen hy? Hy try ons spoed breek deur die Isuzutjie aan te val! Ewe skielik sukkel die bakkie om te start. Ons vervang filters en probeer alles, maar dis was behoorlik 'n storrie! Ons het maar geduldig gewag tot ons terug was in Klerksdorp en toe begin ons fout soek. Uiteindelik het ons agtergekom dat dit die imobiliser is wat nou ingegee het en as die Here wil, start die Isuzu eerskomende Maandag weer 100%! Dankie Here dat dit nie 'n groot fout is nie. Ons besef die Isuzu is al 11 jaar oud, maar ons hou ons hand op hom, want God het hierdie bakkie vir ons gegee in 'n tyd (2007) toe ons waaragtig 'n voertuig vir die pad nodig gehad het vir Kruispad.

'n Belofte begin realiseer!!!

Daar is baie van ons Kruispad Konings en mense wat ons al bedien het oor die afgelope 3 jaar wat saam met ons hierdie BELOFTE deel van 'n bussie vir Kruispad. In 2008 het vriende wat saam met ons in die bediening gestaan het op daardie stadium vir ons woord gebring en gesê dat God vir ons 'n Vito bussie gaan gee vir die bediening en ons harte het behoorlik gebokspring, want God ken ons behoeftie beter as enige ander mens! Ons is altyd 'n groep van tussen 5-7 mense wat moet saamry met al ons klanktoerusting en pakkasies om nie eens te praat van al ons dekor as ons kampe doen nie!



het 'n derde bevestiging gekom toe Nelmarie van Zyl van Kimberley 'n droom gehad het. God het vir haar gewys dat Hy vir Kruispad 'n bussie gaan gee.

So het die tyd uitgeloop en ons het hierdie belofte bietjie op die rak gesit. Ons het selfs begin twyfel of dit wel 'n belofte van God was, maar die Here sal nooit op Sy WOORD terugdraai nie. God gebruik mense, mense wat bekikbaar, gewillig en gehoorsaam is en ons het hierdie week 'n oproep en besoek ontvang en ons glo dit is God se hand in aksie!

Op hierdie stadium moet ons 14 van ons CBCN kerke bedien wat strek van Polokwane tot onder in die Wes-Kaap. Ja selfs tot in Walvis Baai!

Op ons Arise My Love Vrouekamp 2008, het Hester Beukes van Kuruman hierdie belofte bevestig in die teenwoordigheid van hierdie einste vriende van ons in wie se harte God hierdie belofte die eerste keer geplant het vir Kruispad! Daarna



"Ons wil deel wees van God se belofte!"

NEWCOM FLUID MANAGEMENT (PTY) LTD

Registration nr: 2008/022529/07

Email: admin@newcomfluid.co.za

Tel: 082 371 9582/082 700 1512

Fax: 086 641 0666

Delarey van Huysteen en Francois Oosthuizen is die direkteure van 'n baie jong opkomende maatskappy wat spesialiseer in brandstof kontrole sisteme wat besig is om die land met 'n groot impak te tref! Alhoewel dit 'n relatief nuwe besigheid is en hulle finansieel nog in 'n groeiopproses is, staan hulle vas op God se saai en maaibeginsel! Hulle het by die Here gaan vra waar moet hulle saai en dit is wat God vir hulle gewys het:

"Open 'n fondsrekening vir hierdie bussie waarin julle NEWCOM se saad moet saai. Maar ook sodat verskeie mense deel kan word van hierdie belofte. My seën sal op hierdie fonds en elkeen se saad rus."

Nou ja, ons onderwerp ons aan hierdie opdrag en die fondsrekening is geopen. Ons weet dat God by magte is om vir ons 'n splinternuwe bus te gee, maar ons is ook nie ongelowig as ons sê dat ons 'n bedrag van R150-R190d sien nie. Daar is

bussies in uitstekende toestande vir hierdie prysklas, maar ons onderwerp onsself heeltemal aan God se keuse vir ons. Ons sal elke maand op ons nuusbrief 'n grafiek aantoon van die fondsrekening se groei. Sou ons manne en vroue kry wat voel om elke maand 'n vaste bedrag te belê, kan ons die bussie op huurkoop koop en kapitale delgings doen tot tyd en wyl die volle bedrag vereffen is.

Ons vra dat elkeen wat deel in hierdie visie en belofte, saam met ons sal bid dat ons absoluut in God se perfekte wil sal bly sodat mense God se Vaderhart, krag en majesteit sal sien en baie se geloof daardeur versterk en vernuwe sal word.

Crossroad Bus Fund - FNB 62291074848 Branch Code: 250655



Baie geluk aan die volgende Crossroad Biker Churches wat reeds geregistreer is!
Ons ander kerke is op julle hakke!

| | |
|------------------------------|---------------------------------|
| North West Bikers Church | 094-805 NPO registered 31-08-11 |
| Western Cape Biker's Church | 094-722 NPO registered 26-10-11 |
| Stellaland Biker's Church | 094-721 NPO registered 26-10-11 |
| Maritzburg Biker's Church | 094-724 NPO registered 01-11-11 |
| Vaal Triangle Biker's Church | In process |
| Sabie | In process |

Die [Crossroad Bikers Church Netwerk](#) gaan ook hierdie jaar die geestelike versorging doen op die **Poison Rally** in Kroonstad 2-4 Desember 2011 wat een van die big 5 kampe in Suid Afrika is. Ons verwag tussen 7000-9000 bikers!!

Ps Johan van Eck van die **West Rand Biker's Church** is die hoof organiseerder en skakelpersoon vir die CBCN. Ons benodig tans nog baie voorrade: Koffie, tee, suiker, longlife melk, fomalite cups, plastiek lepel ens

Indien jy voel hierdie is 'n goeie wegspringplek om te gee vir God se werk, kan jy Johan kontak by 082 371 2625.
Kontant donasies ook welkom! **"RUN WITH FIRE!!!"**





'n Warm dag voor Pick & Pay!

Die biker gemeenskap regoor Suid Afrika hou elke jaar 'n Toy Run ten bate van talle kinderhuise in ons land. Kindertjies wat nie die voorreg het om 'n Kersfees saam met hul eie gesinne deur te bring nie. Nie eens te praat van 'n spesiale geskenkie nie...

Coen en Seun het al vroegdag ons Evangelisasie Trailer voor Pick & Pay in Klerksdorp gaan opstaan en ons het sommer dadelik weggespring om die publiek bewus te maak van hierdie groot projek. Pedro het die kinders (en mammas) se hartjes saggemaak met sy soentjies en komplimente! Die geskenkies het sommer gou-gou begin instroom en teen 15H00 was daar 8 trollies vol!



Ons is dankbaar vir al die kaartjies wat ons kon verkoop het ten bate van die Toy Run!

Hierdie rooi 600 Suzuki kan gewen word op die **20ste November 2011** tydens die **North West Toy Run (Rugby Klub, Klerksdorp)** en ons mikpunt is om **R100 000** in te samel hierdie jaar vir minderbehoefte kinders in die KOSH Area! Dankie vir elkeen wat al 'n kaartjie (R10elk) gekoop het, maar René het klaar besluit...die rooi gevaarte kom pastorie toe!!

Vir enige navrae hoe jy betrokke kan raak of as jy die 2012 Toy Run wil ondersteun of bywoon, skakel gerus ons alombekende broer Spikes Lawrence 082 461 2507 van die North West Bikers Association.

Ons is die 19de November by Checkers Hiper in Klerksdorp en vra dat julle ons sal kom ondersteun met ons laaste insamelingsprojek!



Walk for Jesus 6 Nov 2011

Ons het na afloop van ons NW Bikers Church diens opgeruk soos een man na die Flamwood Mall in Klerksdorp vir die Jesus Mars! Dit was sekerlik 'n vreemde gesig vir die dorp, want die mense wat verby ons gery het, het behoorlik hul koppe afgedraai om die klomp bikers te sien loop vir Jesus! Die son het ons nie gespaar nie, maar die atmosfeer was awesome! Ons het gelag, gesing en party moes maar

hul asma borsies in toom probeer hou! "Jesus ons het U lief en dit was so 'n wonderlike voorreg om vir die mense te wys ons dien U met oorgawe. WE ARE NOT ASHAME OF THE GOSPEL OF JESUS CHRIST!!"



You too can become a Crossroad King! Start with only R55 per month!!!

The prophetic symbolism and meaning of the number 5 is grace. God gave us an introduction amount of 55 (grace upon grace!). This is a small amount which will be affordable for most people who wish to be a financial king! Everyone can become a king! It's not the amount you give, it is the attitude that counts! If you look at our R50 note (ZAR), you will see the head of a lion. Amazingly, Jesus is our King, the Lion of

Judah! You can make a monthly contribution of R55 or more (**but remember to use as many 5's possible eg. R555.55!**) by completing the Debit Order Instruction. May you stand in awe of the overflowing blessings of God upon your life!

It is an absolute honour and privilege to give! It fills you an everlasting joy when you see lost souls coming to the Light, Jesus Christ and you realised: "God used my seed, my finances, which I sow in obedience to His Word, to empower His messengers to go and preach the Good News and set the captives free in the Name of Jesus Christ!" It makes you feel like a KING and that's exactly what you are - A KING!

God want us to rely and trust in Him completely. **Psa 118:8 Far better to take refuge in GOD than trust in people.** He is our ultimate source and provider. However, everything we own, belongs to God and it delights our Father when we sow into His Kingdom! He multiplies our seed 30, 60 or 100 fold Mat 13:23 ...and produce a huge harvest-thirty, sixty, or even a hundred times as much as had been planted." , because He is the owner of all the silver and gold! **Hag 2:8 'I own the silver, I own the gold.' Decree of GOD-of-the-Angel-Armies.**

What are we saying? We have been called into full-time ministry and God is our sole provider and paymaster. However, His provision comes via His obedient children whom He has raised up as financial kings to establish and promote His Kingdom on earth. The seed that you sow into this ministry, Crossroad Message, belongs to God. He entrusted us with your money to do His work, but also to clothe and feed us sufficiently as his faithful servants. After all, He wants to bless us in abundance!

Luke 6:38 If you give, you will receive. Your gift will return to you in full measure, pressed down, shaken together to make room for more, and running over. Whatever measure you use in giving-large or small-it will be used to measure what is given back to you."

**Crossroad Gospel Message
First National Bank
Cheque A/C 62016730865
Branch Code: 230102
Swift Code: FIRNZAJJ**

**May the LORD bless you and protect you.
May the LORD smile on you and be gracious to you.
May the LORD show you his favor and give you his peace.'
SHALOM!! (Num 6:24-26 NLT)
Francois & René**